



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**FEBRUARIE/MAART 2013**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 15 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos in die riglyndokument voorgeskryf, gebaseer is:  
  
VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD SOOS DIT IN DIE 1960's WAS?
  - USSR/VSA – Skep van belangesfere: Fokus op KubaVRAAG 2: HOE IS UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA VERWERKLIK?
  - Gevallestudie: TanzaniëVRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
  - Fokus op die 1960's: Burgerregtebewegings in die VSAVRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
  - Fokus op die 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika
2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. Die kandidate behoort hul kennis, vaardighede en insig toe te pas wanneer hulle vrae beantwoord.
5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys. Die bronne in die addendum is vertaal.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: HOE HET DIE SPANNING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR DIE KOUE OORLOG IN KUBA VERERGER?**

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord dan die volgende vrae.

- 1.1 Bestudeer Bron 1A.
- 1.1.1 Hoe het Raul Castro en Che Guevara Kuba se buitelandse beleid beïnvloed? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en definieer die begrip *kommunisme*. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 In watter land het die VSA kernwapens geplaas? (Geskrewe bron) (1 x 1) (1)
- 1.1.4 Verduidelik of die aanvanklike plan van die VSA om 'van Castro ontslae te raak' 'n sukses was. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 1.1.5 Hoe sal jy die verhouding tussen Castro en Khrushchev beskryf soos dit deur die visuele bron weerspieël word? (1 x 2) (2)
- 1.1.6 Verwys na die visuele en geskrewe bronne. Verduidelik waarom Castro sy verhouding met Khrushchev probeer versterk het. (2 x 2) (4)
- 1.2 Verwys na Bron 1B.
- 1.2.1 Volgens Uittreksel 1, watter gevolgtrekkings het die CIA oor die USSR se rol in Kuba gemaak? (2 x 1) (2)
- 1.2.2 Waarom, dink jy, het die USSR gekies om kernwapens en missiele in Kuba op te rig? (2 x 2) (4)
- 1.2.3 Verduidelik die betroubaarheid van Uittreksel 1 vir 'n historikus wat die ontplooiing van missiele in Kuba bestudeer. (2 x 2) (4)
- 1.2.4 Lewer kommentaar oor hoe Kennedy op die ontplooiing van missiele in Kuba gereageer het. (Uittreksel 2) (2 x 2) (4)
- 1.3 Bestudeer Bron 1C.
- 1.3.1 Watter boodskappe dra die spotprenttekenaar oor? (2 x 2) (4)
- 1.3.2 Verduidelik die stelling, 'Kom ons kry 'n slot vir hierdie ding', binne die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (2 x 2) (4)
- 1.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die rol wat die VSA gespeel het om die uitbreek van 'n kernoorlog in Kuba te voorkom, te verduidelik. (8)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

1.5.1 Bespreek hoe die spanning tussen die VSA en die USSR die Koue Oorlog in Kuba vererger het. (30)

**OF**

1.5.2 John F Kennedy het gesê dat 'aggressiewe gedrag uiteindelik tot oorlog lei, as dit toegelaat word om ongehinderd te groei en nie teengestaan word nie.'

Gebruik die inligting in AL die bronne en jou eie kennis en analiseer hierdie stelling krities.

(30)  
**[75]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE REAKSIE OP JULIUS NYERERE SE BELEID VAN UJAAMA IN TANZANIË?**

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C en beantwoord die volgende vrae.

- 2.1 Verwys na Bron 2A.
- 2.1.1 Waarom, volgens die bron, het Nyerere sosialistiese beleid in Tanzanië aangeneem? (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Noem die TWEE internasionale finansiële instellings wat in die bron genoem word. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Verduidelik waarom die internasionale finansiële instellings teen die beleid van ujamaa gekant was. (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Lewer kommentaar oor waarom Nyerere verkies het om eerder met die implementering van sosialisme en selfstandigheid voort te gaan as om kapitalisme in te stel. (2 x 2) (4)
- 2.2 Gebruik Bron 2B.
- 2.2.1 Volgens die bron, waarom is Nyerere se beleid van ujamaa as 'n sukses beskou? (2 x 1) (2)
- 2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die begrip *ujamaa* (familieskap) in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Verduidelik hoe 'n Tanzaniër wat in 'n gemeenskapsdorpie gewoon het, op die inligting in hierdie bron sou reageer. (2 x 2) (4)
- 2.3 Bestudeer Bron 2C.
- 2.3.1 Watter boodskappe dra die foto oor? (2 x 2) (4)
- 2.3.2 Wat, dink jy, het die studente aangespoor om teen kapitalisme en imperialisme te betoog? (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Verduidelik of die woorde op die plakkaat deur die meeste Tanzaniërs ondersteun sou word. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Lewer kommentaar oor die tekortkominge van die gebruik van hierdie foto as historiese bewyse. (2 x 2) (4)
- 2.4 Bestudeer Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die bewyse in hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot Nyerere se sosialistiese beleide. (2 x 2) (4)
- 2.5 Gebruik Bron 2A en 2B en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe plattelandse Tanzaniërs op Nyerere se program van kollektivering gereageer het. (8)

2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.6.1 OF VRAAG 2.6.2.

2.6.1 Bespreek tot watter mate Julius Nyerere se beleid van ujamaa in Tanzanië 'n sukses was. (30)

**OF**

2.6.2 Julius Nyerere se beleid van ujamaa was 'n mislukking.  
Stem jy met die stelling saam? Motiveer jou antwoord deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)  
**[75]**

**VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE BURGERREGTEBEWEGING GESPEEL OM RASDISKRIMINASIE EN SEGREGASIE GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VSA TEEN TE STAAN?**

Bestudeer Bron 3A en 3B en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Lees Bron 3A.

- 3.1.1 Waarom, dink jy, het Regter Bootle beveel dat beide Hamilton en Hunter-Gault tot die Universiteit van Georgia toegelaat word? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 3.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en definieer die begrip *desegregasie*. (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Verduidelik hoe Hamilton en Hunter-Gault se menseregte geskend is. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 3.1.4 Gebruik die inligting in die koeranthoofopskrif (Geskrewe bron) en jou eie kennis en verduidelik hoe die volgende op die koerant se hoofnuus sou gereageer het:
- (a) Die Ku Klux Klan (1 x 2) (2)
- (b) Jong Swart Amerikaners (1 x 2) (2)
- 3.1.5 Vergelyk die visuele en geskrewe bronne. Lewer kommentaar oor hoe die inligting in die geskrewe bron die inligting in die koerant se hoofopskrif weerspreek. (Visuele bron) (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

- 3.2.1 Watter vorm van protes het Burgerregte-aktiviste in Nashville onderneem? (Geskrewe bron) (1 x 1) (1)
- 3.2.2 Hoe het wit klante op die Burgerregte-aktiviste in die restaurant gereageer? Gee TWEE redes. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 3.2.3 Verduidelik op watter wyses die menseregte van die Burgerregte-aktiviste deur die polisie geskend is. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 3.2.4 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van die bewyse in die geskrewe en visuele bronne vir 'n historikus wat die metodes bestudeer wat Burgerregte-aktiviste gebruik het om gedurende die 1960's verandering in die VSA te bewerkstellig. (2 x 2) (4)
- 3.2.5 Watter boodskappe dra die foto oor? (Visuele bron) (2 x 2) (4)
- 3.2.6 Bestudeer die visuele en geskrewe bronne. Verduidelik hoe die bewyse in hierdie bronne mekaar ondersteun met verwysing na die stryd teen diskriminasie en segregasie. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die redes te verduidelik waarom konserwatiewe wit Amerikaners probeer het om die Burgerregte-aktiviste te verhinder om protesaksie te onderneem. (8)

3.4 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.4.1 OF VRAAG 3.4.2.

3.4.1 Bespreek die rol en impak (uitwerking) van die Burgerregtebeweging se weerstand teen rassediskriminasie en segregasie gedurende die 1960's in die VSA. (30)

**OF**

3.4.2 Daar word aangevoer dat party van die Burgerregte-aktiviste hulle lewens op die spel geplaas het om volle burgerskap te verkry.

Assesseer die akkuraatheid van die stelling deur AL die inligting in die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)

**[75]**



**VRAAG 4: WATTER INVLOED HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN GEDURENDE DIE 1970's OP SUID-AFRIKAANSE STUDENTE GEHAD?**

Bestudeer Bron 4A, 4B en 4C en beantwoord die volgende vrae.

- 4.1 Verwys na Bron 4A.
- 4.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en definieer die begrip *Swart Bewussyn*. (1 x 2) (2)
- 4.1.2 Waarom, volgens Uittreksel 1, is organisasies soos SASO en BPC gestig? (1 x 2) (2)
- 4.1.3 Lewer kommentaar oor hoe *Die Burger* die filosofie van Swart Bewussyn beskou het. (2 x 2) (4)
- 4.1.4 Waarom sou jy die standpunt oor die filosofie van Swart Bewussyn, soos in Uittreksel 2 weergegee, as betekenisvol beskou? Gee TWEE redes. (2 x 2) (4)
- 4.1.5 Verduidelik tot watter mate *Die Burger* se standpunt van Swart Bewussyn dieselfde is as dié van Drake Koka. (2 x 2) (4)
- 4.2 Gebruik Bron 4B.
- 4.2.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en noem TWEE faktore wat die studente van Soweto gemotiveer het om te betoog. (2 x 1) (2)
- 4.2.2 Watter boodskap dra die foto oor? (Visuele bron) (1 x 3) (3)
- 4.2.3 Verduidelik op watter maniere die inligting in die geskrewe bron die bewyse in die visuele bron oor die Soweto-opstande van 1976 ondersteun. (2 x 2) (4)
- 4.3 Bestudeer Bron 4C.
- 4.3.1 Verduidelik of hierdie ooggetuie se weergawe van die Soweto-opstande as 'n betroubare deel van historiese bewyse bestempel kan word. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 4.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor die gedrag en optrede van die volgende mense gedurende die gebeurtenis wat in Soweto ontvou (afgespeel) het:
- (a) Die polisie
- (b) Die studente (2 x 2) (4)
- 4.3.3 Lewer kommentaar oor die beperkinge van die gebruik van hierdie foto as historiese bewys wanneer die Soweto-opstande nagevors word. (2 x 2) (4)

4.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die menseregte van die studente gedurende die Soweto-opstande van 1976 deur die optrede van die polisie geskend is. (8)

4.5 **UITGEBREIDE SKRYWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF VRAAG 4.5.2.

4.5.1 Bespreek hoe die filosofie van Swart Bewussyn die studente van Soweto beïnvloed het om gedurende die 1970's verandering in Suid-Afrika te bewerkstellig. (30)

**OF**

4.5.2 Daar word aangevoer dat die protesaksie deur die studente van Soweto gewelddadig en brutaal was.

Stem jy met die stelling saam? Motiveer jou antwoord deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)  
**[75]**

**TOTAAL: 150**